2020 NAMPO ALFA

zoetis

**VLEISBEESINTERRAS**
*aanlynkampioenskap*

# UITNODIGING

## AANLYN KAMPIOENSKAP EN HOE OM IN TE SKRYF

## 2020



# AGTERGROND

Zoetis aanlyn interraskampioenskap

In die lig van Covid-19 het ons opsies ondersoek om, nie net ‘n geleentheid in hierdie moeilike jaar aan te bied nie, maar ook ‘n oplossing te vind vir toekomstige uitdagings. Die bek-en-klou uitbraak in 2019 het reeds veroorsaak dat skoue in 2020 gekanseleer is, voor Covid-19 ‘n impak gehad het. Hier is nou ‘n geleentheid om in samewerking met die nasionale interras-beoordeellaarsvereniging van SA ‘n nuwe konsep te ontwikkel waar tegnologie saam met visuele beoordeling gebruik gaan word. Ons poog om ‘n nuwe regime te skep van hoe ons, ons eeu-oue skou erfenis kan laat voortleef in ‘n nuwe formaat. Van die beginsels wat deel uitmaak van hierdie protokol is: Om video’s in plaas van foto’s te gebruik om moontlike manupulasie uit te skakel. Om Zoetis se verteenwoordigers in die veld te gebruik om deelnemers te besoek. Die eerste beoordeling word gedoen deur ‘n beoordeelaars paneel wat WhatsApp videos beoordeel wat deur die deelnemers self geneem is om semifinaliste te identifiseer. Lewendige video-beoordeeling word gebruik om die finale beoordeling te doen. Indien moontlik, word finaliste genooi na die finale beoordeling by Nampo park. Hierdie aanlyn skou sal jaarliks aangebied word en beide die kampioen en reserwe kampioen van beide die bul- en koeiklas sal genooi word om deel van die jaarliks nasionale interraskampioenskappe te wees.

# WIE WORD GENOOI OM IN TE SKRYF VIR HIERDIE SA-EERSTE?

- Alle telers wat in die verlede vir ALFA se interras kampioenskap gekwalifiseer het kan deelneem
- All genootskappe word genooi om ras wenners van die afgelope twee jaar in te skryf

# DIE KLASSE:

1. Senior Bul (Gewissel)
2. Junior Bul (Ongewissel)
3. Senior Koei (Gewissel)
4. Junior Koei (Ongewissel)

# BELANGRIKE DATUMS

- Elke genootskap se inskrywing moet teen 21 September ontvang wees sodat beoordeeling kan begin.
- 23 Sept word ‘n ALFA interras beoordeellaars webinaar aangebied waarop die beginsels van interras beoordeeling, grootvee & kleinvee bespreek.
- Semifinaliste word aangewys wat dan deur Zoetis verteenwoordigers besoek word wat die beoordeellaars paneel sal ‘video-call’. Op die manier kan die beoordeellaars presies die video rig sodat hulle kan sien wat hulle wil sien.
- Die wenners word Dinsdag, 21 Oktober op ‘n kleinvee-beoordeellaars webinar saam met Agri Gauteng se Agri kanaal op DigiTV aangekondig.



## INSKRYWINGS VORM EN MEER INLIGTING:

Meer inligting en inskrywings vorms kan aangevra word by Mario van den Heever, VanDenHeeverMJJ@ufs.ac.za Tel: 074 417 6020

## MEER OOR ZOETIS:

Zoetis is ‘n internasionale dieregesondheidsmaatskappy wat toegewy is om kliënte en hul besighede deurlopend op beter maniere te ondersteun.

Gebaseer op 60 jaar se ervaring, lewer ons kwaliteit medisyne en entstowwe, aangevul deur diagnostiese produkte, genomiese toetse, biotoestelle en ‘n reeks dienste, insluitend presisie veeboerdery produkte. Ons werk elke dag om die praktiese uitdagings van diegene  wat diere oppas en versorg, beter te verstaan en aan te pak. Ons naam, Zoetis, het sy oorsprong in “zo”,bekend in woorde soos ‘zoo’ en ‘zoology’ en is afgelei van zoetic, wat beteken “met betrekking tot die lewe”. Ons naam gee ‘n aanduiding van ons maatskappy se toewyding om veeartse, boere en troeteldier eienaars oral in die wêreld te ondersteun in hul versorging van die vee en troeteldiere waarvan ons almal afhanklik is.

Ons streef daarna om veeartse, veeboere en troeteldier eienaars, te ondersteun met die hulpbronne wat hulle benodig om te floreer. Ons bied ‘n diverse portefeulje van produkte, dienste en oplossings gesentreer rondom dieregesondheid vir agt kerndierspesies. Ons veeprodukte en -dienste word toegewy aan beeste, visse, pluimvee, skape en varke, en ons troeteldier aanbiedinge maak voorsiening vir katte, honde en perde.

Zoetis se span kundiges lewer klantediens, tegniese opleiding en sakesteun om diegene wat diere grootmaak en versorg, te help om hul ondernemings meer effektief te bestuur.

Besoek gerus: www.zoetis.co.za

